



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ek dit verstaan? 24

Die Uitverkiesing

Die Uitverkiesing Wanneer 'n mens oor die uitverkiesing begin praat, is dit dikwels asof mense 'n vaalte oor die oë kry. Party sê openlik hulle wil nie daaroor praat nie, want dit maak hulle onseker of selfs bang. Hoe weet jy jy is

uitverkies? Hoe moet ons daaroor dink?

'n Mens sou baie dinge oor die uitverkiesing kon sê. In ons gereformeerde belydenis is daar selfs 'n hele belydenisskrif daaroor – die Dordtse Leerreëls. Dit het die lig gesien ná 'n lang stryd in Nederland oor die kwessie. Maar ek wil jou nie doodgooi met 'n opsomming van hierdie belydenis nie. Ek wil net enkele opmerkings maak.

Uitverkies vir 'n doel

Die manier waarop die Bybel oor die uitverkiesing praat, maak dit duidelik dat dit nie 'n losstaande saak is nie. Mense word uitverkies vir 'n bepaalde taak. So is Israel verkies om 'n lig vir die nasies te wees (Jes 42:6). Abraham se hele roeping hang daarmee saam: hy is verkies om tot seën vir ander te wees (Gen 12:2). En dié verkiesing het ook sy nageslag se roeping geword. Dit geld van ons ook. Ons is nie uitverkies sodat ons in die hemel sal kom nie. Ons is uitverkies sodat ons werktuie in God se hand kan wees, kanale deur wie God sy genade na die wêreld wil laat vloei.

wie is uitverkies en wie nie

'n Taamlike debat oor die uitverkiesing gaan oor die vraag: wie is uitverkies en wie nie? Daar is teoloë wat sê almal is uitverkies. Uiteindelik, sê hulle, gaan alle mense tog in die hemel kom. Dit lyk my nie heeltemal so eenvoudig nie. Maar as jy nie dit wil sê nie, hoe werk dit? Op grond waarvan word party mense uitverkies? Dis eintlik maklik om te antwoord: dis God se soewereine genade, en geen prestasie van ons kant nie. Ons is immers van voor die grondlegging van die wêreld in Christus uitverkies (Efes 1:4), lank voordat ons enigsins iets kon doen om dit te regverdig of te verdien. Wat God se beweegredes was, is nie vir ons deursigtig nie, behalwe dat ons dankbaar kan wees vir sy genade.

Die fout wat mense maak, is om oor die uitverkiesing te praat

los van die Here se genadewerk in hulle lewe. Die uitverkiesing maak net sin vir iemand wat klaar glo. Wanneer 'n mens die besluit neem om te glo, dink jy dis jy wat so besluit het, maar as jy terugkyk oor jou lewenspad, ontdek jy dat dit God is wat jou by geloof uitgebring het. Dis eintlik waarom die uitverkiesing gaan: 'n belydenis dat jou geloof en verlossing 'n geskenk van God is en nie jou eie prestasie nie.

Dit beteken dat dit sinloos is om buite die geloof om oor die uitverkiesing te dink. Dit help nie om te vra: "Is dié of daardie persoon uitverkies?" nie. Of om te dink dit help nie om te getuig teenoor iemand wat nie uitverkies is nie, want dan sal hy of sy tog nie tot geloof kom nie. Ons moet God se genade-aanbod ernstig neem: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee," het Jesus in Matt 11:28 genooi. Party reageer op die uitnodiging, maar party nie. Maar almal word genooi.

onherroeplik

'n Laaste opmerking: as die Here jou uitverkies het, sal Hy dit nie weer terugtrek nie. Paulus skryf in Rom 11:29: "As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie." Daarom kan ons met hoop leef oor hulle wat deel van die verbondsvolk is maar iewers opgehou glo het. Wie weet? Dalk is daar vir hulle 'n pad terug.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)

- [Soos ek dit sien](#)
- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Kortverhale](#)
- [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Kain

Die man wat nie die son op sy broer kon sien skyn nie

Sy verhaal

Die twee broers was albei boere: die oudste 'n saaiboer, die jongste 'n skaapboer. Maar die twee se boerdery was nie ewe voorspoedig nie. Die jonger broer het vooruit geboer, die ouer een nie. Dit was nou nie dat hy 'n sukkelaar was nie, maar daar was maar altyd 'n paar vaal kolle op sy lande.

Dit was vir die ouer broer 'n bitter pil om te sluk. Elke keer

as hy sy broer se vet skape teen die hang sien wei, het dit hom dwars in die krop gestee. En elke jaar met die oestyd was dit nog swaarder, want die min reën het sy oeste geknou, terwyl sy broer se skape fluks aangeteel het. En so met die jare het die jaloesie al dikker in sy keel geword, totdat hy later nie meer sy broer wou groet nie. Uiteindelik móés dit tot uitbarsting kom.

Sy bitterheid het hom aanvanklik 'n bietjie gepla, want diep in sy hart hy het geweet dit is nie sy broer sy skuld dat sy koring nie goed groei nie. Maar as hy eers weer die troppe vet lammers sien rondspring het, was alles vir hom net té onregverdig. Hý is die oudste, en hy het al geboer toe sy broertjie nog nie eens melkbaard gehad het nie. Dis net reg dat hy teen dié tyd al meer moes gehad het as sy broer. Maar so was dit maar altyd. Hulle ma het ook van die begin af meer van sy boetie as van hom gehou. Sy het dit nooit openlik gewys nie, maar hy kon dit aanvoel.

Verlede week by die oesfees was dit vir hom nog die heel ergste, toe sy broer ewe vroom langs hom kom staan en vermakerig die vetsterte van sy lammers op die altaar neersit, net nadat hy van sy koring geoffer het. Sy broer het hom ewe belangstellend uitgevra na sy oes, maar hy weet dit was net pure vermakerigheid.

Enige mens sou onder dié provokasie geknak het. Hy is eintlik verbaas dat hy dit so lank uitgehou het. Hy kyk vir oulaas weer na die bloed, nou bruin en klewerig, en druk dan sy hande in die stroompie om dit skoon te was. Dit sal hom leer, brom hy ontsteld-verontskuldigend.

Genesis 4:1-16

Pas jy dalk in dié storie?

Jaloesie is 'n snaakse ding. Baie dikwels is dit die een van wie jy dit die minste verwag, wat jaloers is. Die knap prokureur, die suksesvolle sakeman, die gewilde onderwyser. Professionele jaloesie is glo die heel ergste by dokters en

predikante. Manne van wie jy sou kon sê dat hulle ryklik geseën is met gawes van hand en verstand. Dikwels is dit juis hulle wat die geel baadjie aan het. Nie omdat hulle min het en die ander baie nie. Maar omdat die ander een op sekere gebiede, so glo hy, meer het as wat hom toekom: meer populariteit, slimmer kinders, 'n mooier vrou, 'n groter praktyk ...

Natuurlik is ons nie meer so barbaars soos Kain nie. Maar 'n skinderstorie hier of 'n terloopse opmerking daar kan baie effektief wees om ons "opposisie" op sy plek te sit.

Hoe nou gemaak?

Uiteindelik raak jaloesie natuurlik nie net 'n mens se verhouding tot jou naaste nie. Onvermydelik affekteer dit jou verhouding met God ook, soos Kain te laat uitgevind het. Een van die hartverskeurendste opmerkings in die Bybel lees ons in Genesis 4:16: Kain het van die Here af weggegaan. Sy weiering om hom met sy broer Abel te versoen, lei uiteindelik tot sy ondergang en sy verwerping.

Die probleem met jaloesie is dat jy ophou om raak te sien wat jy het, want jy word verblind deur die ander een se sukses of goed. Daarom is die diepste oorsprong van jaloesie ondankbaarheid. 'n Jaloerse mens is onvergenoegd oor dit wat hyself ontvang het, omdat dit na sy gevoel nie genoeg is nie, of in elk geval minder is as die ander ou s'n.

Die oplossing is eenvoudig, maar nie maklik nie: hou op om jouself met ander te vergelyk. Wat maak dit saak as 'n ander een ook suksesvol is? Sal sy sukses jou minder suksesvol maak? Maak sy splinternuwe rekenaar dat joune skielik nie meer goed werk nie?

Die Here het in sy oorvloed baie gawes aan baie verskillende mense uitgedeel. Jy het 'n hele klomp ontvang, maar jou kollega tog sekerlik ook. Die Here is nie so klein en arm dat Hy net genoeg gehad het om vir jou te gee nie. Laat ander se gawes en voorspoed vir jou 'n bron van vreugde wees, 'n teken van die oorvloedige genade van ons Goeie Vader, eerder as dat

dit jou dwars in die krop steek. Of is jy afgunstig omdat Hy goed is (vgl. Matteus 20:17)?



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Rig 6 : 14 MET GOD SE

TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES

Dis vir my nogal interessant, die opmerking wat Gideon maak toe die Engel van die Here aan hom verskyn. Hy vra: “Waar is al (die Here se) magtige daade waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: ‘Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie?’” (vs 13). Klink dit nie bekend nie? Ons dink baie kere dit was vir die mense in die Bybelse tyd makliker om te glo, want die Here het links en regs wonderwerke gedoen. Maar hier verwyt Gideon die Here en sê hy hoor ook maar net hoe die mense sê in die ou dae was dit so, maar hý sien niks daarvan as hy om hom kyk nie.

Waar is die Here as ons Hom nodig het? Dís wat Gideon eintlik hier vra. Waar is sy wonderdade? Hoekom doen Hy dan niks nie? Hoekom gryp Hy dan nie in nie?

Die ironie van die verhaal is dat God reeds besig was om in te gryp terwyl Gideon kla. Maar Gideon sien dit nie raak nie, want hy kyk op die verkeerde plek. Hy soek wonderwerke reguit uit die hemel, terwyl hý al die tyd God se plan was. Hý was God se wonderdade. Hy het dit nog net nie geweet nie!

Ons ken almal die verhaal van Gideon, en hoe die Here hom gebruik het om met net 300 man by hom, die ganse leër van die Midianiete te verpletter. Daarom praat ons vandag van ’n Gideonsbende as ons wil sê dat ’n paar mense ’n reusetaak vermag het.

Maar die verhaal van Gideon begin nie by sy ongelooflike heldedaad nie. Om die waarheid te sê, as ons hom aanvanklik leer ken, is hy ’n taamlik astrante en ook bangerige outjie wat vol twyfel is en telkens opnuut tekens soek om verseker te word dat die Here nog by hom is. Ons het gelees hoe hy koring in ’n parskuip uitslaan – en die van u wat weet hoe dit werk,

sal besef dat 'n parskuip die laaste plek is wat 'n mens vir só 'n taak moet gebruik. 'n Mens het 'n dorsvloer, 'n oop plek nodig waar jy die uitgeslaande koringare in die lug kan gooi sodat die wind die kaf kan wegwaai en net die koringkorrels kan terugval. Maar Gideon staan in die parskuip, want hy is bang vir die Midianiete. En later, as hy sy pa se Baäl-altaar moet gaan afbreek, doen hy dit in die nag, stilletjies, bang hy word uitgevang.

Ja-nee, die geheim van Gideon se sukses is nie sy onverskrokke en dapper hart nie. Gideon is 'n bangbroek. En as hy na homself kyk, sê hy ook sommer reguit dat hy nie die regte man vir die werk is nie (vs 15): “Ekskuus, Meneer, waarmee sal ek die Israeliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die armste in die hele Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien.”

Dié soort antwoord het ek ook al gehoor. 'n Mens hoor dit dikwels as jy met iemand praat oor werk in die koninkryk. “Nee, ek dink nie ek sal dit kan doen nie. Ek is maar net 'n gewone mens. Vra liewer iemand anders.” Of: “Ek kan nie eintlik sulke soort dinge doen nie.” Of: “Ek het nie tyd nie.” Of: ... Maar genoeg. Julle sal weet waarvan ek praat. Dalk het jy self ook al so 'n verskoning voorgegooi oor hoekom jy nie eintlik die regte persoon vir die taak is nie.

Vra maar vir Gideon. Hy sou aan 'n handvol mense kon dink wat in sy oë beter geskik sou wees vir die taak. Maar in God se oë was hy die man. God soek nie noodwendig die mees bekwame mens, die een met die meeste selfvertroue of die sterkste wil of die dapperste hart nie. Hy soek iemand wat bereid is om gebruik te word. Want die nodige toerusting vir die taak gee Hy self. Hier in Rig 6 sien ons hoe God Gideon se geloof versterk en hom toerus vir die groot taak wat op hom gewag het.

- Heel eerste staan God se belofte dat Hyself by Gideon sal wees. In vers 16 belowe Hy: “Ek is by jou ...”
- Hy versterk Gideon se geloof met tekens – die offer wat aan die brand slaan, en later die vlies wat vol dou is (of nie is

nie). Later sou nog meer tekens volg.

- Hy is bereid om 'n pad met Gideon te loop. Hy wag geduldig dat Gideon maar eers die kos gaan klaarmaak (vs 18); Hy laat toe dat Gideon die vlieswol uitsit, en die volgende nag weer.
- God gooi Gideon ook nie aan die diep kant in nie. Hy gee hom eers 'n kleiner opdrag – om die afgodsaltaar te gaan afbreek – sodat hy in sy geloof versterk kan word voordat hy die groot taak – om die Midianiete te verslaan – kan aanpak. God verwag nie van jou en my om eensklaps geloofsreuse te word nie! Maar as ons nie eers wil begin nie, gaan ons ook nêrens kom nie.
- God voorsien soms hulp uit onverwagse oorde. Gideon se eie pa, die eienaar van die afgodsaltaar, tree vir hom in die bres. 'n Mens dink so dikwels, as jy vir die Here iets moet doen, dat jy dit alles alleen sal moet doen en dan raak jy moedeloos nog voordat jy begin het. Maar God sal jou nie los dat jy alleen moet aansukkel nie, want dis nie hoe Hy met ons werk nie.
- Natuurlik, die grootste van al die toerusting wat God gee, is sy Heilige Gees self. Dit lees ons in vs 34: “Die Gees van die Here het vir Gideon in besit geneem ...”

Die Here kon natuurlik die Midianiete verdryf het sonder die hulp van Gideon. Maar Hy doen dit nie, want dis nie hoe Hy gekies het om met ons te werk nie. Hy wil mense gebruik. Toe die Here Jesus op die donkie Jerusalem inry, was daar 'n hele skare mense wat Hom vergesel het en God geprys het. Die Fariseërs wou toe hê Hy moet die mense stilmaak, maar dan sê Jesus (Luk 19:40): “As hulle stilbly, sal die klippe dit uitroep.” God kán die klippe gebruik om sy wil te doen. Hy kan op ander maniere sy Naam grootmaak in ons dorp. Hy kan op wonderbaarlike maniere sy koninkryk laat kom, maar dit is nie hoe Hy besluit het om die wêreld vir Hom te wen nie. Hy wil mense gebruik. Hy wil ons gebruik. Hy wil jóú gebruik.

Gideon het nie gedink hy is 'n geskikte kandidaat nie, maar God laat hom nie wegkom met sy verskonings nie.

Partykeer wonder ek of ons die Here genoeg kans gee om met ons

te praat sodat Hy ons sover kan kry om ja te sê vir die werk
waarvoor Hy ons nodig het.

Amen.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Dawid, die skaapwagter

Die kleinvee is vandag besonder onrustig. Dis al of hulle nie eetlus het nie. Hulle staan die hele tyd en snuif in die wind op asof hulle iets weet wat ek nie weet nie. Maar hulle hardloop ook nie weg nie, soos wat 'n mens kan verwag as daar 'n ongedierte iewers vir hulle loer.

'n Paar bokke blêr benoud, en Baardjies, die voorbok, stamp-stamp met sy poot teen die grond. Dan kyk hy weer onseker op en snuif.

Ek is nie 'n bok of 'n skaap nie, en ek kan nie so goed ruik soos hulle nie, maar ek kan darem ook die tekens van gevaar sien as ek my kleinvee dophou. Daarom steek ek my hand in my herderstas en vat 'n ronde klip vas. My duim gly oor die rondings van die klip om dit te toets voordat ek dit uithaal en in my slingervel pas.

Iewers is daar 'n ongedierte, maar wat, weet ek nie. Ek weet die luggie kom van die see se kant af; dus sal die ongedierte ons van die ander kant af bekruip sodat ons hom nie kan ruik nie. Maar tog is daar gevaar in die lug. "Baardjies! Ounooi!" roep ek die kleinvee na my toe, weg van die klipperige rant waar ek seker is die dier skuil.

Toe hulle na my toe begin draf, vlieg daar 'n ding tussen die klippe uit. Dis 'n leeu! 'n Uitgegroeide mannetjie. Gelukkig, want as dit 'n wyfie was, kon ek my regmaak vir 'n aanval van meer as een kant. Maar leeu-mannetjies jag dikwels alleen, veral as hulle ouer word.

Ek storm die leeu tegemoet, want hy pyl reguit op een van die lammers af wat nie so vinnig soos die ander wegskarrel nie. Dertig tree van die leeu af gaan ek staan sodat ek met die slingervel kan korrel. Ek het seker nog so twee sekondes voordat hy by die lam sal wees. Dit gaan 'n moeilike gooi wees, want hy hardloop dwars voor my verby. 'n Bewegende teiken is altyd moeilik.

Die slinger swaai een, twee, drie keer, en dan laat ek die klip vlieg. Ek mik so 'n tree voor die leeu om voorsiening te

maak vir sy vaart. Val, jou vuilgoed! dwing ek die klippie na die teiken. Op die laaste nippertjie steek die leeu vas en swenk na my toe, sodat die klip rakelings by sy kop verby skiet.

Die lam skarrel met 'n verligte blêr na veiligheid, maar ek het nie tyd om hom dop te hom nie, want die leeu storm reguit op my af.

Ek het nog nooit 'n leeu só in die bek gekyk nie; dis nie 'n mooi gesig nie. Die ivoor-geel tande trek my oë amper hipnoties, sodat ek vir 'n oomblik half verlam bly staan. Dan kom my hand as 't ware vanself in beweging, en suiwer refleks neem oor toe ek die klippie uit my herderstas haal, in die slingervel sit en korrel. Die leeu is skaars tien tree van my af toe ek die klip laat vlieg. Onmiddellik nadat ek gegooi het, swenk ek weg sodat, as dit mis is, ek darem 'n sekonde of twee meer het om my verdediging in plek te kry.

Die klip tref die leeu met 'n dowwe slag teen sy skouer, net waar sy voorpoot uit sy romp kom. Dit stuit nie die leeu se momentum nie, maar toe hy weer sy voorpoot op die grond wil plant, gee die poot mee. Dis morsaf!

Gelukkig het ek weggeswenk, anders was die leeu bo-op my. Ek het al talle stories gehoor van 'n gekweste leeu. Selfs met drie pote is hy uiters gevaarlik. Met my herderstaf se skerp kant as wapen storm ek op hom af voordat hy tot verhaal kan kom en stamp die staf in sy deinende bors in. Die staf gaan diep in, maar nog is dit nie die einde van die leeu nie. Hy ruk sy lyf met 'n magtige beweging eenkant toe sodat die staf morsaf breek en ek net met 'n nuttelose stok in my hande staan.

“Jahwe, help!” prewel ek benoud toe die leeu my met 'n woedende gesnater bespring. Daar is bloed in sy bek, wat hom nog meer vreesaanjaend laat lyk.

Ek swenk na die ander kant. Gelukkig is die leeu se af poot 'n groot belemmering en is hy nie so rats nie, sodat ek sy flitsende tande net-net kan ontwyk. Maar ek sal nie elke keer so gelukkig wees nie, weet ek. Ek slinger die nuttelose herderstaf na die leeu om my 'n klein bietjie ekstra tyd te

gee. My oog vang 'n klip so groot soos my vuur, en ek raap dit op. Die volgende oomblik is die leeu op my. Hierdie keer kan ek nie wegswenk nie; hy is te naby. Sy asem stink, en sy slagande blink rooi toe hy na my hap. Maar ek is reg vir hom en ruk my arm weg, ondertoe, sodat ek hom met my linkerhand aan sy baard kan vasgryp. Vir 'n oomblik is die leeu onseker wat om te doen, en dit gee my die kans waarop ek gehoop het. Met alles wat in my is, slaan ek hom met die klip, tussen die oë.

Hy skud sy kop dronkerig, en ek slaan weer, dié keer bo-op sy kop, tussen sy ore, sodat hy op die grond neersyk. Tóé eers kry ek kans om my dolk uit my gordel te pluk en sy keel af te sny.

My asem jaag toe ek langs die dooie leeu neersak. Dit was amper! Maar Jahwe het my gehelp. Dankie, Jahwe! Dankie!

uit my boek "[Die Verhaal van Dawid](#)"



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)

- [Jaco Thom](#)
- [My boeke](#)
- [Privaatheidsbeleid](#)
- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ons dit verstaan? 23

Ons sal oor die wêreld en die engele oordeel

In 1 Korintiërs 6:2-3 sê Paulus: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? ... Weet julle nie dat ons selfs engele sal oordeel nie?”

Die onmiddellike konteks van Paulus se woorde is die volgende: Paulus praat met die Korintiërs wat mekaar voor heidense howe sleep oor alledaagse geskille. Hy sê: “Julle gaan eendag saam met Christus die hele wêreld oordeel – hoekom kan julle nie nou self klein sakies onder mekaar uitsorteer nie?” Dit is ’n argument van die groter na die kleiner. Die Korintiërs se onvermoë om selfs klein konflikte reg te hanteer, staan in skrilte kontras met hulle toekomstige hoë posisie in God se koninkryk.

“Die wêreld oordeel” beteken nie dat gelowiges nou oor mense moet heers of veroordeel nie. Dit verwys na die eindtyd, wanneer gelowiges saam met Christus sal deel hê aan sy regverdige oordeel (vgl. Openbaring 20:4). Die oordeel oor die engele gaan veral oor die *gevalle engele* wat saam met Satan geoordeel sal word. Gelowiges sal op ’n manier deelneem aan

hierdie oordeel (vgl ook Judas 6 en 2 Pet 2:4).

Gelowiges het 'n hoë roeping. Ons is reeds “in Christus” en sal eendag saam met Hom heers. Dit beteken ons moet nou al wysheid, regverdigheid en selfbeheersing openbaar – veral in ons verhoudings binne die gemeente. Los konflikte binne die kerk op. Moenie dadelik na die sekulêre wêreld hardloop vir reg nie. Die kerk behoort volwasse genoeg te wees om regverdig en wys te oordeel.

Dit is 'n groot motivering om heilig te lewe: ons gaan nie net geoordeel word nie – ons gaan self oordeel!

Paulus sê dus nie dat ons nou die wêreld moet veroordeel nie, maar dat ons in Christus geroep is tot regverdigheid en onderskeiding – 'n voorafskadu van die oordeel wat God eendag sal voltrek.

Onlangse Bydraes

- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)
- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)

▪ [X](#)

© Bybelkoerant 2018 – 2026